Stipagrostis obtusa

Volksnaam: Kortbeenboesmangras

Familie: Poaceae

Habitat: Groei in sanderige grond, dikwels met onderliggende gruis of kalksteen.



Kaart gebaseer op PRECIS data vanaf http://sibis.sanbi.org/

Plant beskrywing: Gras tot 30 cm hoog met fyn blare en blomkoppe met sy-agtige pluime.

Smaaklikheid: ★★★★ Hoog vir vee en wild soos rooi hartebeest, gemsbok en springbok.

Saad beskrywing: Sade lyk soos piepklein ryskorrels. Saad word gehul in pluim agtige blomhofies.

Lewensvatbare saad per kg: 8045

Wanneer en hoe om te plant: Saai in April in die winterreënvalstreek en in Oktober in die somerreënvalstreek. Maak die grond grof met 'n graaf of implement. Bind bondels gras teen 'n stok vir windverspreiding, of strooi grashalms losweg op die grond. Bedek die gebied met doringtakke om te verhoed dat die halms wegwaai, en om saaielinge teen beweiding deur vee en wild te beskerm.

Skaal: 1cm



Skaal: 1 decimeter

Verwysings

PRECIS data oor suider Afrika se plant verspreidings en taksonomie. http://sibis.sanbi.org/faces/SearchSpecies/

Renu-Karoo ongepubliseerde data

Van Oudtshoorn, F., 2006. Guide to grasses of Southern Africa. Briza Publications. Pretoria.